**Donderdag 5 Julie**

| **Skrifgedeelte: Jesaja 44:6-19** | **Fokusgedeelte: Jesaja 44:16-17; Heidelbergse Kategismus 34:95** |
|---|---|

# God sê Wie Hy is

Volgens Antwoord 95 van die Heidelbergse Kategismus is afgodery nie alleen om iets te hê waarop jy jou vertroue stel nie, maar ook om iets *uit te dink*.

In Jesaja 44 word iemand beskryf wat uit hout uit vir homself 'n afgod maak. Hy gaan kap 'n boom in die bos af, gebruik die hout om vuur te maak, hy bak brood daarmee en hy maak homself warm met die vuur. Van die hout wat oor is, maak hy vir hom 'n god en kniel daarvoor neer en aanbid die stuk hout! Hy maak die god net soos hy wil hê sy god moet lyk. Hy gebruik 'n maatband, 'n potlood, passer, skawe – en op die ou end lyk die god presies soos hy wil hê. Afgodery is so absurd!

Tog moet ons waak – hoewel ons nie meer afgode maak met die hande uit hout nie, maak ons hulle in ons koppe! Ons dink vir ons 'n god uit wat ons pas. Een wat lyk presies soos ek wil hê my god moet lyk. Miskien fabriseer ek in my gedagtes 'n afgod wat my sonde goedkeur, wat byvoorbeeld nie sal omgee dat ek saambly, te veel drink of onrein lewe nie. En dan het boonop die vermetelheid om hierdie afgod in my kop *Jesus* te noem – maar dis nie die Jesus wat God in sy Woord aan ons openbaar nie!

Een groot verskil tussen die ware Godsdiens en afgodery is dat die ware God Hom nie laat uitdink nie. Geen mens *kan* Hom uitdink nie. Hy sê vir die mens Wie Hy is – Hy openbaar Hom in sy Woord. Hy het sy Seun aarde toe gestuur om Hom aan ons te kom toon. En wanneer ek sy Seun aanskou, sien ek Hom!

Kom ons lê ons opnuut daarop toe om by God Self te hoor Wie Hy is – deur moeite te doen met die ondersoek van sy Woord.

*Sing: Psalm 43-1:3*

*Ds. PGP (Pieter) le Roux (Derdepoort)*